

5 Stappe om jou eie Bybelstudiegroep te stig

Dit is elke gelowige se roeping om “te gaan en dissipels te maak,” maar hoe doen jy dit? Een manier om prakties deel te wees van die Groot Opdrag, is om jou eie Bybelstudieklas te begin. As die induktiewe Bybelstudiemetode jou diep geraak het en jy die voordele van hierdie metode raakgesien het, waarom dit nie met ander deel nie?

Die moeilikste deel van enige avontuur is gewoonlik die begin, daarom deel ons graag met jou 5 stappe om jou te help!

1



Gebed

Vra God:

- Of dit sy wil is dat jy 'n studie moet lei.
- Watter Precept-studie Hy wil hê dat jy moet lei.
- Om studente te stuur wat wil deelneem.

2



Kies die studie-onderwerp

Kies 'n toepaslike studie vir jou groep. Neem jou gehoor in ag: hul behoeftes, tyd beperkings en vorige Bybelstudie ervaring. Ons het verskeie studieformate om aan verskillende behoeftes te voorsien.

Verwys na bladsy 4 van die katalogus wat op ons webwerf beskikbaar is by Precept.org.za.

Let op: Voorskryf-op-Voorskryfkursusse vereis leieropleiding. Daar is ook opleiding beskikbaar vir verskeie ander Precept-Bybelstudieformate, alhoewel leieropleiding vir hierdie studies nie 'n vereiste is nie.

3



Skep vir jou 'n “Online Community”-rekening

Skep vir jou 'n gratis rekening op ons [registrasie blad](#). Wanneer jy as Bybelstudieleier registreer, mag jy promosiemateriaal van ons webwerf aflaai wat jou sal help om jou klas effektiewer te adverteer, asook ander eksklusiewe hulpmiddels wat jou in jou taak as Bybelstudieleier sal bystaan.

4



Adverteer jou klas

Jy kan jou klas op die “Online Community” adverteer of die amptelike “Precept Events”-kalender. Dit is 'n wonderlike hulpmiddel om mense uit jou omgewing te werf. Sodra jy jou kursus geregistreer het, kan jy dit maklik vanuit die “Online Community” met ander op [Facebook](#) en [Twitter](#) deel! Kerkkennisgewingborde en -afkondigingsblaadjies is ook baie goeie advertensiemedia waardeur jy potensiële studente Jy kan ook studente werf deur jou klas op Precept se kalender te laat plaas. Leer meer hieroor by precept.org/BSL

5



Vorbereiding vir jou klas

Begin ten minste drie weke voor jou eerste klas om

- jou studiemateriaal van Precept te bestel: preceptstore.co.za
- Laai jou gratis leiergids af (indien daar 'n leiergids vir jou betrokke kursus beskikbaar is) by die “Precept Online Store”
- Werk deeglik deur die kursus en ken die inhoud goed. Ons beveel ten sterkste aan dat jy Les Een volledig voorberei voordat jy die kursus saam met jou groep begin.

Jy is nou gereed om jou eerste Bybelstudie aan te bied!